

Ekonomieë in 'n flits

Augustus 2021

Raming 2021:

BBP: 6.3%

Inflasie: 2.9%

Raming 2022:

BBP: 4.4%

Inflasie: 2.4%

VSA

Die Bloomberg mediaan-konsensus vir die groeivooruitsig het die jaar onder 4% begin, maar tot 6.5% in Julie gestyg. Ramings is sedertdien laer aangepas weens teleurstellende groei in die tweede kwartaal en stygende virusgetalle, veral in dele van die land waar inentingskoerse laag bly. Die Amerikaanse sentrum vir siektebeheer en -voorkoming (CDC) het daarop gelet dat 90 miljoen Amerikaners wat wel ingeënt kan word, steeds nie ingeënt is nie, genoeg voorraad ten spyt. Rasidentiteit en politiese partydigheid skei steeds inentingskoerse. Laer besteding aan dienste weens die styging in virusgevalle en laer reële inkomste weens stygende pryse gaan lei tot 'n beduidende verlangsaming in groei in die tweede helfte van 2021. Hoewel die infrastruktuurwetsontwerp US\$550 miljard in nuwe besteding skep, sal dit oor die volgende vyf jaar versprei word. Die navolging van die infrastruktuurprogram saam met die bestedingswetsontwerp verhoog die moontlikheid van verdere vertragings.

Eurosone

Raming 2021:

BBP: 4.8%

Inflasie: 2%

Raming 2022:

BBP: 4.5%

Inflasie: 1.5%

Verenigde Koninkryk

Die afname van die aantal mense wat tydelik ontslaan is na effens onder 8% van privaatsektorwerk teen die einde van die tweede kwartaal van 2021 dui daarop dat die arbeidsmark besig is om te herstel. Die Deloitte CFO-peiling wys dat sowat 80% van ondernemings aangedui het dat hulle gesukkel het met werwing oor hierdie tydperk. Die werkloosheidskoers bly ook steeds hoër as die vlakke voor die pandemie. Dit is deels weens die laer beskikbaarheid van werkers wat nie in die land gebore is nie, 'n wanverhouding tussen vaardighede en werkgeleenthede en 'n laer koers van werkansoeke as voor die pandemie. Hoewel daar geen dringendheid is om rentekoerse te verhoog nie, het opmerkings dat "gematigde verskerping van monetêre beleid waarskynlik nodig gaan wees" om die sentrale bank se teiken van 2% oor die mediumtermyn te behaal die verwagtinge verhoog dat die eerste verhoging voor die einde van 2022 dalk vroeër eerder as later sal gebeur.

Japan

Raming 2021:

BBP: 2.4%

Inflasie: 0%

Raming 2022:

BBP: 2.5%

Inflasie: 0.5%

Oorhoofse inflasie het sedert Desember 2012 nog slegs vyf keer bo 2% gestyg. Vier van hierdie gevalle was in 2018, met die vyfde wat in Julie 2021 aangeteken is. Julie se toename was aangevuur deur voedsel- (1.6%) en energie- (14.1%) pryse, terwyl Duitsland se inflasie op 'n streeksbasis die hoogste was. Buitenvoedsel en brandstof het kerninflasie in Julie tot 0.7% gedaal, hoofsaaklik weens laer inflasie in nie-energie nywerheidsgoedere, eerder as dienste. Die Citi-inflasieverassingsindeks vir die Eurosone styg al vir die afgeloepen jaar. Hoewel brandstofinflasie die oorhoofse inflasie teen die einde van 2021 na bo 3% kan stoot, verwag ons dat inflasie na onder 2% in 2022 sal terugval te midde van minder bottelnekke en wanneer basiseffekte wegval. Ons voorsien nie druk op die Europese Sentrale Bank om rentekoerse vir nog 'n aantal jare te verhoog nie.

Raming 2021:

BBP: 6.9%

Inflasie: 2.1%

Raming 2022:

BBP: 5.2%

Inflasie: 2.4%

Die Olimpiese Spele het voortgegaan, ten spyte daarvan dat 83% van respondentie in 'n Asahi Shimbun-peiling voorgestel het dit moet uitgestel of gekanselleer word. COVID-19-beperkings het egter 'n demper geplaas op enige moontlike hoër groei. Die Japan Times berig dat weens die pandemie en die uitstel van die byeenkoms met 'n jaar dit 20% meer gekos het. Bowendien bereken Normura Research dat die afwesigheid van toeskouers die ekonomiese voordeel van die Spele met US\$1.3 miljard verminder het. Ondersteuning vir Yoshihide Suga, die eerste minister, het na vlakke gedaal wat laas voor die Spele gesien is. Op 28%, en met 'n stadige inentingsprogram en 'n oplewing in COVID-19 gevalle, is sy gewildheid op die laagstevlak sedert hy aangestel is, en raak sy kansse om in Oktober 2021 weer verkieks te word, skraker.

China

Raming 2021:

BBP: 8.4%

Inflasie: 1.3%

Raming 2022:

BBP: 5.7%

Inflasie: 2.3%

Ontluikende markte

Die Internasionale Monetêre Fonds het US\$650 miljard se Spesiale Trekkingsregte (SDR) goedgekeur, wat 'n aantal regerings van ontluikende markte kan bystaan om likiditeit te verbeter en hul COVID-19 programme te help. Volgens die Oxford Business Group kan die hoër toewysing bruto internasionale reserwes vir sommige lande met 10% verhoog. Die Peterson Institute for International Economies onderstreep die belangrikheid van SDR-toewysings en stel voor dat lande met eksterne beleidsbeperkings, weens beperkte toegang tot buitelandse krediet, SDR-krediet kan gebruik as versekering om beleid te aanvaar wat vinniger ekonomiese herstel kan aanhelp. Die groeivoortsig vir ontluikende lande is nietemin laer aangepas (meestal vir ontluikende Asiese en lae-inkomste-ontwikkelende lande) weens 'n stadige pas van inenting en beperkte spasie vir beleidaanpassings.

Raming 2021:

BBP: 3.8%

Inflasie: 4.4%

Raming 2022:

BBP: 2%

Inflasie: 4.3%

Die brandpunte van die delta variant het teen die middel van Augustus reeds 'n afname in daaglikse gevalle ervaar. Strenger maatreëls kan egter groei vir die derde kwartaal met tussen 1% en 2% verminder, veral omdat dienste geraak is. Nietemin is dit onwaarskynlik dat 'n groot stimuluspakket bekendgestel gaan word. Ons verwag eerder 'n meer akkomoderende standpunt met fiskale beleid en verdere verlagings van die reserwesvereistes vir banke. Ons siening is dat verhoogde vlakke van inflasie die People's Bank of China sal ontmoedig om die korttermynrentekoers te sny. Hoë olie- en steenkoolpryse het fabriekspryse opgestoot, maar die owerhede het staatsbeheerde kommoditeitsreserwes vrygestel en toegeslaan op spekulasié, wat verdere opwaartse momentum in inflasie beperk.

Raming 2021:

BBP: 6.6%

Inflasie: 3.5%

Raming 2022:

BBP: 5.2%

Inflasie: 3.7%

Suid-Afrika

Die verwagte oplewing in groei in 2021 gaan waarskynlik getemper wees ná die skuif na 'n aangepaste vlak 4-inperking gedurende Julie en die onluste in protes teen die inhegtenisneming van die voormalige president. Terwyl minder voorraad en skade aan infrastruktuur waarskynlik tot 'n negatiewe groeinommer in die derde kwartaal gaan lei, behoort die proses van opnuut bevoorraad en herbou tot kwartale van groei vorentoe te lei. Na die aanvanklike terugspringing sal die oorsake van mediumtermyn groei afhanglik bly op die volgehoue vooruitgang met hervorming, 'n vermindering in strukturele bottelnekke en hoër vlakke van sake- en verbruikersvertroue. Die effek van die onluste gaan waarskynlik armer gemeenskappe die meeste raak. Dit het die regering genoeg om die maatskaplike noodtoelaes tot die einde van Maart 2022 te verleng. Met min vooruitsigte vir 'n daadwerklike herstel in indiensneming verhoog die debat oor 'n meer permanente verlenging van toelaes die mediumtermyn risiko's vir fiskale konsolidasie. Dat daar geen multjaar-loonooreenkoms vir openbare amptenare is nie en die bekendstelling van 'n kontanttoelae hou verdere fiskale risiko's in. Intussen gaan die akkomoderende monetêre beleid waarskynlik bly, gegewe die swak groei oor die medium-termyn en gedempte dienste-inflasie wat die oorhoofse inflasie in toom hou.

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Augustus 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	-1.74%	-0.12%	25.16%	8.19%	7.86%	8.31%	8.36%	7.30%	11.44%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	0.38%	-0.87%	22.61%	5.25%	4.89%	5.49%	6.06%	5.84%	10.71%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	2.02%	1.51%	30.80%	5.47%	4.80%	5.14%	5.54%	5.40%	10.39%
FTSE/JSE Top 40-indeks	-2.39%	-0.58%	22.61%	8.53%	8.38%	8.88%	8.63%	7.38%	11.52%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	3.71%	3.86%	42.23%	6.52%	3.97%	3.85%	5.75%	5.65%	9.96%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	7.02%	4.76%	70.22%	6.47%	4.08%	3.47%	4.71%	5.28%	10.95%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	-4.79%	-0.52%	25.51%	21.70%	22.33%	21.31%	16.39%	7.21%	6.98%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	12.28%	7.56%	51.42%	-1.34%	0.96%	2.81%	1.66%	4.07%	10.31%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-4.45%	-3.18%	16.14%	4.95%	3.60%	4.46%	5.80%	6.33%	13.08%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse	3.35%	5.57%	41.99%	8.16%	8.79%	10.14%	9.79%	7.28%	10.89%
40-indeks (Rafi)									
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	3.37%	5.22%	42.62%	8.17%	8.50%	9.88%	9.35%	7.06%	10.59%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	7.46%	10.37%	51.02%	-7.34%	-8.64%	-5.28%	-3.87%	0.08%	5.32%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	1.70%	3.66%	14.84%	9.97%	9.47%	9.62%	8.74%	8.26%	8.27%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.53%	1.46%	4.51%	8.91%	8.36%	8.65%	8.41%	8.12%	7.53%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	1.21%	0.10%	13.64%	5.51%	4.47%	3.56%	4.16%	4.35%	6.15%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.32%	0.95%	3.83%	5.86%	6.21%	6.50%	6.59%	6.56%	6.23%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	-1.77%	0.02%	-21.36%	13.71%	10.81%	5.93%	9.29%	9.26%	7.07%
Goudprys (in rand)	-1.01%	0.86%	-19.66%	14.41%	11.54%	6.76%	9.90%	9.86%	7.58%
Platinum Beursverhandelde Fonds	-4.28%	-10.25%	-7.50%	7.53%	2.82%	-1.44%	1.04%	-0.91%	
Platinumprys (in rand)	-5.69%	-9.63%	-6.84%	8.40%	3.10%	-1.03%	1.54%	-0.48%	-0.46%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-1.53%	1.81%	-15.72%	0.03%	2.54%	0.82%	2.34%	2.88%	5.45%
Rand/dollar bewegings	-1.10%	5.44%	-14.63%	-0.44%	2.71%	-0.32%	1.45%	4.50%	7.54%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)				4.64%	3.93%	4.23%	4.29%	4.58%	4.64%
									5.00%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.